
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

You are now able to read and download all our books , previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering on our website :
www.stangerchristiancentre.com

GODDELIKE GENESING - DIE WIL VAN GOD

“Hy het Sy Woord uitgestuur dat Hy hulle kon gesond maak .....” (Ps. 107:20).
Dit is die WOORD wat genesing vir jou liggaam bring, en dis die WOORD wat jou gesond hou. Die WOORD weerhou jou daarvan om siek te word in die eerste plek.

Die God van die Bybel is ‘n Koning en nie ‘n demokraat of voorstander van mense regte nie, Hy is die Koning van konings en proklameer of sê wat Hy van ons verlang en voeg dan daarby wat die gevolge van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid sal wees. Sy opdragte is perfek en vir ewig.

God het baie wat Hy vir ons wil leer, en Hy het in Sy alwysheid prosedure en maniere daargestel om ons te leer en te onderrig. God se manier van onderrig is egter heel anders as die van die wêreld. Die wêreld wil hê ons moet leer d.m.v. ondervinding. Die spreekwoord lui ook dan: “Ondervinding is die beste leermeester.”

Baie gelowiges (dissipels van Jesus), het hierdie manier van onderrig ook aangeneem en wil dit ook op hulle lewens van toepassing maak. Ons sê dan ook: “Die Here laat my werklik deur hierdie siekte gaan, want ek leer Hom beter ken daardeur.” Nee wat, hierdie ondervinding is ‘n slegte leermeester. God het twee maniere daargestel om Sy Liggaam op aarde te onderrig en te stig, en as jy ‘n Wedergebore Kind van God is, geld hierdie twee maniere vir jou.

1. God het die **Heilige Gees** gestuur om ons leermeester te wees, **maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. (Joh. 14:26). Joh. 16:13: Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.**

2. God het Sy Woord gestuur om ons te onderrig. Die hele skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing tot onderwysing in die geregtigheid sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus (2 Tim. 3:16 en 17).
Nêrens in die Bybel lees ons die volgende nie: “Hy het vir Sy kerk siekte en krankhede gegee, sodat diegene wat daardeur ly perfek gemaak sal word en in die beeld van Christus verander word.” Dank God dat dit nie in die Bybel staan nie! Hy het **Sy Heilige Gees en Sy Woord** gegee om ons te onderrig.

Geliefde, verder wil ek vir jou die goeie nuus vertel dat God ons ook nie tugtig of dissiplineer deur siekte en krankhede nie. **Hy tugtig jou en dissiplineer jou d.m.v. Sy Woord.** Die Griekse woord wat vertaal word met "tugtig" in **Heb. 12:5: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie**, is dieselfde Griekse woord wat in **2 Tim. 3:16** vertaal word met **"onderwysing"**. Loof die Here! Wanneer ons tugtiging nodig het, gebruik God sy woord daarvoor. In **Joh. 15:2**, waar Jesus praat van die wynstok en die lote en sê dat **"Hy ons skoon maak sodat ons meer vrug kan dra,"** gaan Hy voort om in **vers 3** te sê: **".....Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het."** Sien jy dis DIE WOORD wat ons reinig en onderrig, nie siekte en krankhede nie!

Dit impliseer natuurlik dat **ek in God se Woord sal bly (Joh. 15:7)** en getrou daardeur gevoed sal word. As ek God se Woord verwaarloos, kan dit nie vir my **"nuttig wees tot lering, weerlegging, teregwysing en onderwysing (tugtiging)"** nie. Ek stel myself ook bloot vir die aanvalle van Satan en wat hy ookal op my wil plaas. As Satan suksesvol is om siekte op my te lê, moet ek beslis so veel as moontlik uit die ondervinding leer. En God kan my sekerlik baie leer terwyl ek siek is. **Maar dit is beslis nie God se plan om my te onderrig met siekte nie. Daarvoor het Hy Sy Woord gegee om my leermeester te wees.**

Nou sal jy verstaan waarom dit so sinneloos klink as iemand die volgende sê: "Ek het hierdie siekbed nogal waardeer, want nou het ek tyd gehad om rustig God se Woord te bestudeer. As ek nie siek geword het nie, sou ek nooit die geleentheid gehad het om die Woord so baie soos die afgelope twee weke te lees nie."
Ander mense gaan selfs verder. Hulle sê: "Dis hoekom God my siek gemaak het - sodat ek sal tyd hê om Sy Woord te oordink. Ek kom net nie daarby met die drukte van my werk nie." Nee! God maak nie mense siek om hulle tyd te gee om Sy Woord te oordink nie, inteendeel: **"Hy het Sy Woord uitgestuur dat Hy hulle kan gesond maak ....." (Ps. 107:20).** Dit is die WOORD wat genesing vir jou liggaam bring, en dis die WOORD wat jou gesond hou. Die WOORD weerhou jou daarvan om siek te word in die eerste plek. **"My seun, neig jou oor tot my woorde ..... want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en genesing vir hulle hele liggaam" (Spr.4:20 tot 22).**
GOD SE WOORD IS GENESING VIR MY HELE LIGGAAM!
Dis die twee belangrikste redes waarom jy DAAGLIKS tyd (die maksimum) moet deurbring met God se Woord en gehoorsaam wees aan Sy opdragte: **1. God se Woord is voedsel vir jou gees en siel, 2. Dit is genesing/gesondheid vir jou liggaam.** Ek glo jy verstaan nou die "tugtiging van God" baie beter en dat Satan se verdrukking deur siekte en krankhede beslis nie God se werk is nie.

WIL GOD MY GENEES?
Jy het 'n verbond met God wat Goddelike gesondheid insluit - elke Christen staan in hierdie verbond. Die probleem is net, dat oor die jare die meeste Christene nie weet dat genesing hulle toekom nie. Dit is deel van jou erfenis in Jesus Christus . Genesing is nie eers ingestel tydens Jesus se bediening op aarde nie, en dis ook nie net 'n seën van die nuwe verbond nie. God het nog altyd voorsiening gemaak vir genesing vir Sy kinders deur Sy verbonde. Hy openbaar Homself as die Groot Geneesheer toe Hy aan die Israeliete bekend gemaak het, dat **as hulle aan Sy Woord gehoorsaam is**, geeneen van die siektes van Egipte oor hulle sal kom nie. Hy het gesê: **"Want ek is die Here wat jou gesond maak" (Ex.15:26).** Hy het Homself geplaas as Israel se Geneser - Jehova-Rapha (Hierdie is een van sewe versoeningsname en beteken: Ek is die Here wat jou gesond maak). Onthou God verander nooit. As Hy ooit die Here was "wat jou gesond maak", is Hy dit vandag nog, want ons lees in Heb.13:8: **Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid,** en in Ps. 119:89: **Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele.**
As jy die feit aanvaar dat net so seker as wat Jesus jou sonde gedra het, Hy ook jou siekte, swakhede en pyn gedra het, jou dae van siek wees verby is. Kry ons boek "Nagmaal en Genesing". **Satan sal jou nog aanval daarmee, maar jy weet jy hoef nie daaronder te swig nie. Jy sal hom weerstaan en hy sal van jou af weg vlug (Jak. 4:7). Die geloof in die genesing van liggame behoort net sò sterk ontwikkel te wees in God se Kinders as hulle geloof in die redding van hulle siele.**
Die lig van die Woord van God sal Satan se houvas op jou lewe op die gebied van fisiese lyding vernietig. Die waarheid maak jou vry van sy heerskappy, as jy besef dat jou genesing reeds betaal is deur Jesus se offer op Golgota. **"Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte - diè het hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God**

geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53:4 en 5).
Die hele drie-en-vyftigste hoofstuk van Jesaja handel oor die plaasvervanging van Jesus vir die mens. Daar staan: "Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem." 'n Betroubare konkordansie omskryf die woorde "choli" wat deur ons vertaal word as krankhede, met siekte, swakhede en pyn. Nogtans het Hy ons siekte, swakhede en pyn op Hom geneem! Neem nou die omvang in van wat God vir jou sê.


God het toegelaat dat Jesus onherkenbaar vermink is, deur wonde en bloed verlies, wat betaal het vir ons siekte en sonde, sodat ons daarvan vry kan wees - vry van alles wat vir jou hartseer kan bring. **Vers 6 van Jes. 53 sê vir ons: "Maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom."** Toe Jesus vir ons sonde betaal het, het Hy ook vir ons siekte betaal. Die kruis het 'n dubbele kuur vir die siekte van die mens uitgespreek.
Ons lees in **Matt. 8:16-17: En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.**
Hierdie waarheid is bevestig in 1 Pet. 2:24, en ons lees: **wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.**
As 'n verbondskind is jy in dieselfde mate vrygemaak van siekte as wat jy vrygemaak is van sonde. Jy het 'n verbondskind geword toe jy Jesus as Geneesheeren Redder aangeneem het.
Gal. 3:29: En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.
Toe Israel deur die Rooi See getrek het oppad na die Beloofde Land, het God gesê: **Ex. 15:26: ... As jy getrou na die stem van die Here jou God luister en doen wat reg is in sy oë en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê (letterlike Hebreeus: op jou toelaat) wat Ek op Egipteland gelê (toegelaat) het nie, want Ek is die HERE WAT JOU GESOND MAAK.**
Hy is nie die Here wat hulle siek maak nie, maar: "Ek is die Here wat jou gesond maak." God het nie die siektes op die Israeliete gelê nie, en ook nie op die Egiptenare nie. Dit is Satan, die god van hierdie wêreld, wat mense siek maak. God sê baie duidelik hier dat Hy Israel se Geneser is.
Ex.23:25 en 26: En julle moet die Here julle God dien; dan sal Hy jou brood en jou water seën, en Ek sal siektes uit jou midde verwyder. Daar sal geen misdragte of onvrugbare in jou land wees nie. Ek sal die getal van jou dae vol maak.
Solank as Israel volgens die verbond gewandel het (Gehoorsaamheid), was daar geen siekte onder hulle nie. Daar word geen kennis gedra van vroeë sterfgevalle nie, met ander woorde, geen babas, geen jong mense en geen middeljarige mense het gesterf nie, net solank hulle gehoorsaam aan die opdragte van God was. Siekte was uit hulle midde geneem en hulle het hul lewens voluit geleef sonder kwale en net sag heengegaan. Wanneer die tyd van hulle heengaan aanbreek het, het hulle hul hande op hul kinders gelê, hulle geseën, hulle voete op die bed gesit, die gees gegee en huis toe gegaan. Jy hoef nie siek te word om te sterf nie!

Nou sê mense: "Dit was vir toeka se dae - wat het dit met ons te doen?" God is dieselfde God nou, soos Hy toe was. Volgens die Bybel, verander Hy nooit. Hy haat sonde in die ou Testament en Hy haat sonde in die Nuwe Testament, en Hy haat ongehoorsaamheid, en sê baie duidelik wat die gevolge sal wees. Hy was teen siekte gekant in die Ou Testament en Hy is teen siekte gekant in die Nuwe Testament. Hy het voorsiening gemaak vir genesing in die ou Testament en Hy het voorsiening vir genesing gemaak in die Nuwe Testament.
Deut.7:13 tot 15: En Hy sal jou liefhê....liefhê.....liefhê..... en siekte op jou sit en veroorsaak dat jy sterwe as jy jonk is. En sommige sal doodgebore word. En sommige sal siek wees en kreupel.
"NEE! NEE! DIS NIE VOLGENS DIE HEILIGE SKRIF NIE! Luister wat sê DIE BYBEL:

Deut. 7:13: En Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig en Hy sal die vrug van jou liggaam seën en die vrugte van jou land, jou koring en jou mos en jou olie, en die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.
14: Geseënd sal jy wees bo al die volke; daar sal by jou geen man of vrou onvrugbaar wees

nie, ook nie onder jou vee nie.
15: En die Here sal elke krankheid van jou wegneem en al die kwaai siektes van Egipte wat jy ken, nie op jou lê (toelaat) nie .....
Maar dis mos nie vir vandag nie, roep iemand uit. Is jy seker? **1 Korintiërs is in die Nuwe Testament, nie waar nie? Blaai na 1 Kor. 10:11: "Maar al hierdie dinge het hulle (Israel) oorgekom as voorbeelde (tipes) en is opgeskrywe... (Vir wie is dit opgeskrywe? Die Jode? Nee!) as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."**

Heerlikheid! Deut. 7:13 tot 15 is vir my voordeel geskryf! Die Heilige Gees het seker geweet dat daar persone sal wees wat sal opstaan en sê: "Dis net vir die Jode. Dis nie vir ons nie." Daarom het Hy geskrywe dat wat met hulle gebeur het, sodat hulle vir ons 'n voorbeeld kan wees. Daardie dinge wat voorheen geskryf is, verwysend na die Ou Verbond, was opgeteken vir ons onderwysing (Rom. 15:4); Deut. 7:13 tot15 is vir my geskryf as 'n waarskuwing! Dink jy dat daardie mense van destyds meer geseënd sou wees as die Kerk



Baie groot dankie

Ons bly verstom en ewig dankbaar vir wat ons Hemelse Vader in ons midde doen. Hy is meer as genoeg en onderhou Sy werk soos ons onsself beskikbaar stel.

Dankie aan elkeen van julle vir julle donasies, dit is 'n seën vir so baie. Mag julle op elke gebied oorvloedig geseën word.

Liefdegroete
Meg van Zyl en die span

Bankbesonderhede:
Stanger Christelike Sentrum
FNB
acc 53730091667
tik: huidige/tjek
tak: 220129

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Ek het goeie nuus vir jou!

Jes. 41:10: Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.

Dit is maklik om te sê: “Prys die Here! Halleluja!” wanneer dit goed gaan. Dit is maklik om te glo dat God jou liefhet wanneer jy op die kruin van die berg staan en die sonskyn geniet. Maar wat gebeur as jy onder in die donker vallei is, omring deur jou vyande?
Miskien is jy vandag in die vallei van huweliks -, finansiële- of liggaamlike probleme en jy vra: “Waar is God?”

My vriend, Hy is net daar by jou. Die God van die valleie sê vir jou: “Moenie vrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek sal jou versterk, ja, Ek sal jou help, Ek sal jou ondersteun met My reddende regterhand.” Toe Koning Josafat omring en oortref was deur sy vyande, het die Gees van die Here op Jahasiël gekom en hy het vir die koning gesê: **“Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God. Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die Here by julle. Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die Here sal met julle wees” (2 Kron. 20:14–17).** Wat Koning Josafat volgende gedoen het was briljant. Hy het met wysheid van bo opgetree. In plaas van om sy leër voorop te stel, het hy die lofsangers aan die voorpunt gesit! Wat het die lofsangers gesing? Hulle het van God se liefde vir hulle gesing - **“Loof die HERE, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid!” En God het hulle vyande totaal vernietig! 2 Kron. 20:21–23**

Geliefde, dit is nie die beproewings wat ons sterk maak nie, maar ons reaksies op daardie beproewings. Die duiwel wil hê dat ons moet reageer deur te vra: “Waar is God ?” Maar God wil hê dat ons met geloof in Sy liefde vir ons moet reageer. **Ons is meer as oorwinnaars, nie deur ons liefde vir Hom nie, maar deur Hom wat ons liefhet. Rom. 8:37**

Dus in watter vallei jy vandag ook al mag wees, moenie vrees nie. God is daar by jou om jou te versterk en te ondersteun. Sing net van Sy liefde vir jou en laat Hy jou gevegte vir jou veg! Dit is hoe ons gedurende beproewings reageer – met geloof in God se liefde vir ons – wat ons sterk maak.

Ons wil julle almal bedank vir julle waardevolle gebede en liefde wat baie kosbaar vir ons is. Wees verseker van ons liefde en opregte waardering vir jul volgehoue ondersteuning, mag die Here julle almal baie ryklik seën.

Liefde groete

Meg Van Zyl en die Gebedspan



WHAT DID MOSES SEE

Pastor David Gericke

Moses' mother put him into a little basket of papyrus and placed it among the rushes by the stream telling his sister Miriam to keep watch. She did this to save and protect her baby son from the orders Pharaoh had given to destroy all Hebrew male infants,

A daughter of Pharaoh came with her maid servants to bathe in the river, found the child, and took pity on him. Miriam saw an opportunity offered to find a nurse for the child (in fact, his mother), and so Moses' life was saved.

Once he was weaned, he was given back to his adoptive 'mother', the Egyptian princess (Ex. 2:1–10). Moses grew to adulthood in the courts of Pharaoh learning and interacting with the elite of Egyptian society. Acts 7:22 And Moses was learned in all the wisdom of the Egyptians and was mighty in words and deeds.

Moses felt for his enslaved brethren (Acts 7:24) and killed an Egyptian taskmaster whom he found beating a Hebrew (Ex. 2:11); in fear of the news getting to Pharaoh, Moses fled over the border to Midian for safety (Ex. 2:15). Here Moses met and helped the daughters of a Midianite shepherd-priest Jethro, Moses help and watered their flocks, after a period of time he married one of the daughters, her name was Zipporah meaning "Little bird" who bore him a son, Gershom (Ex. 2:16).

The Bible tells us that Moses was content to live with them and look after the sheep. (Ex 2:21)

In order for Moses to be content, I'm sure he would have had to go through a process of renewing his mind. I'm sure coming from the courts of Pharaoh to farm boy was a huge step. I'm sure God was preparing Moses for a task that was going to test all his learning and shepherding skills together, without the pride, arrogance and hot headedness! I think he had learnt to be still and know who God is!

Ps 63: 1 O God, you are my God; I earnestly search for you. My soul thirsts for you; my whole-body longs for you in this parched and weary land where there is no water.2 I have seen you in your sanctuary and gazed upon your power and glory.3 Your unfailing love is better than life itself; how I praise you!

Oh, if we all learnt to sing this Psalm! No matter the difficulties, the hardships, the challenges… the dry and thirsty land we may be walking through, His unfailing love is always available!

Ex. 3:1One day Moses was tending the flock of his father-in-law, Jethro, the priest of Midian. He led the flock far into the wilderness and came to Sinai, the mountain of God. 2 There the angel of the Lord appeared to him in a blazing fire from the middle of a bush. Moses stared in amazement. Though the bush was engulfed in flames, it didn't burn up. 3 "This is amazing," Moses said to himself. "Why isn't that bush burning up? I must go see it."

Moses spent about forty years as a shepherd in Midian, I'm sure that during the many days and nights out in the wilderness, his heart and mind would think back to his Mom and family who were suffering in Egypt. I have no doubt that he would have prayed and interceded for them and the Hebrews!

We see that God can take an insignificant bush, something we walk past every day, ignite it, and turn it into a miracle, and that's what He did with Moses. There are those who see in the burning bush a picture of the nation of Israel: they are God's light in the world, persecuted but not consumed. I agree with this idea.

I think that the burning bush was also a picture of what God was going to do with Moses: he was the insignificant bush, but God was going to empower him with fire, and with God's strength, Moses could and would accomplish many things.

Acts 2:1 When the Day of Pentecost had fully come, they were all with one accord in one place. 2 And suddenly there came a sound from heaven, as of a rushing mighty wind, and it filled the whole house where they were sitting. 3 Then there appeared to them divided tongues, as of fire, and one sat upon each of them. 4 And they were all filled with the Holy Spirit and began to speak with other tongues, as the Spirit gave them utterance.

This event changed the lives of the disciples and birthed the Church, like Moses this was the beginning of what God was going to do in the lives of those Believers! God calls us, sanctifies our hearts, renews our minds, strengthens our courage and makes us witness for Him. This is all done through the finished work of Christ on the cross and then established with the infilling of the Holy Spirit! But can I caution you and encourage you at the same time, it is up to you to keep the fire burning at all times!

Lev 6:12 And the fire on the altar shall be kept burning on it; it shall not be put out. And the priest shall burn wood on it every morning, and lay the burnt offering in order on it; and he shall burn on it the fat of the peace offerings. 13 A fire shall always be burning on the altar; it shall never go out.

God initiates the fire then we are responsible to keep it burning.

God calls Moses to draw near and tells him that "I am the God of your father—the God of Abraham, the God of Isaac, and the God of Jacob." When Moses heard this, he covered his face because he was afraid to look at God." Moses instantly knew who this was, I'm sure he would have been taught this by his mother and sister. He knew he was talking to the creator of heaven and earth! God told Moses that He was aware of the plight of the Hebrews in Egypt and had heard their cries. "So I have come down to rescue them from the power of the Egyptians and lead them out of Egypt into their own fertile and spacious land" We might feel that our prayers are not being heard, God maybe too far away to hear them, let me assure you that God hears every request and petition we make. We may not see the answer when we want it answered but God is always on time!

"Now go, for I am sending you to Pharaoh. You must lead my people Israel out of Egypt. But Moses protested to God, "Who am I to appear before Pharaoh? Who am I to lead the people of Israel out of Egypt?" Just a few verses up when Moses saw the burning bush and God called him, we read. "Moses! Moses!" "Here I am!" Moses replied. How many of us say this, we are very willing to agree with the call but get cold feet when requested to "Go"

Five things Moses said why he could not go: "I'm a nobody" (3:11–12). "I don't know your name" (vv. 13–22). "The elders won't believe me" (4:1–9). "I'm not a fluent speaker" (4:10–12). "Somebody else can do it better" (4:13–17) I have on many occasions sounded these words, as like Moses, God was faithful and work through me to accomplish His purposes! Jesus called fishermen. He could have called Pharisees, Sadducees, Scribes or Priests to be His disciples, but we see in Nicodemus, he came by night, he wanted to believe but could not break away from the traditions of his religion. God looks at the heart not the mind!

Ex. 4: 1 But Moses protested again, "What if they won't believe me or listen to me? What if they say, 'The Lord never appeared to you'?" 2 Then the Lord asked him, "What is that in your hand?" "A shepherd's staff," Moses replied. 3 "Throw it down on the ground," the Lord told him. So Moses threw down the staff, and it turned into a snake! Moses jumped back. 4 Then the Lord told him, "Reach out and grab its tail." So Moses reached out and grabbed it, and it turned back into a shepherd's staff in his hand. 5 "Perform this sign," the Lord told him. "Then they will believe that the Lord, the God of their ancestors—the God of Abraham, the God of Isaac, and the God of Jacob—really has appeared to you."

This I think is an often-overlooked scripture. God says to Moses "What is that in your hand?" Let this be a word for you today! Too often we hold onto things that "we" think are important, it's part of our everyday lives, work, friends, sport, family. "A shepherd's staff," Moses replied. "Throw it down on the ground," the Lord told him. So Moses threw down the staff, and it turned into a snake! Moses jumped back! Those things that you are holding onto could be dangerous to you! It could be a hindrance to your walk with the Lord, it could be affecting your marriage, relationship with others, your health, your mental stability. Throw that rod down, cast it away from you, give it to God! 1 Pet 5: 6 Therefore humble yourselves under the mighty hand of God, that He may exalt you in due time, 7 casting all your care upon Him, for He cares for you.

Moses picked up the Rod when he saw that it was a hindrance to him as long as all he did with it was to just control sheep! God used that same Rod to help set the captives free, open the Red Sea, and give water to a thirsty nation. A rod of support but also one of correction! This same Rod was stored in the Ark of the Covenant, it lay next to the Ten Commandments, we are told that it started to bud… produce life!

This day was the beginning of a changed relationship between God and Moses as well as between Israel and their God. This day changed the Middle East forever! On the day of Pentecost the Spirit of God came down as tongues of fire and changed the World of ever!

Remember, "**The will of God will never lead you where the power of God can't enable you, so walk by faith in His promises".**

THE FOLLOWING **AUDIO BOOKS** ARE NOW AVAILABLE ON OUR WEBSITE
(Click to view)

'n Suksesvolle Huwelik
Bybelse Antwoord oor Genesing
Besluite
Die Krag van Vergifnis
Die egte en die misleide Christelike Kerk
Die Naam van ons God
Goddelike Wysheid vir die Mens
Die Feestye van die Here
Ken Jou Vyand
Die Tweesnydende Swaard
God Eis 'n Heilige Lewe
Hoe belangrik is die Ou Testament
Getuienisse—Volume 1
Die Bybel en siektes
Geloof soos n Mosterdsaad
Paulus se doring in die vlees
Hoe moet ek Bid
Israel of Ishmael
Geloofsbrood vir die Somer
Hoe kan ek verlos word van vrees?
Die Vrou na God se Hart
Stap vir Stap
Slaankrag in Lofprysinge
Vanaf Eden tot by die Kruis
Vas en Gebed
Wat is die gevare oor Karate
Wat is die New Age
Wat Verwag God van die Huisgesin?
Geloofsbrood vir die Winter
Die Groot Verleier
Getuienisse—Volume 1
Getuienisse—Volume 2
Getuienisse—Volume 3

Oorwinning Oor Depressie
Wat is die ware Bybelse Geloof
Laat God Siekte Toe
Ondervind die Heilige Gees
Waarom sommige nie genees word nie
Wat sê die Woord van God oor die Doop?
Hoe kan ek die duiwel se aanvalle oorwin
Wie veroorsaak rampe en siektes
Soldaat wees vir Jesus

